

N.G. Kerk Fochville-Noord

Maart 2020

Voluit vir Christus

Met my hele hart in 2020



REDAKSIE:

Dankie vir ons gemeente wat terugvoer gee en wenke gee oor hoe ons die Boodskappertjie nog beter kan maak. Stuur asb. vir ons nuus van julle kinders se gradeplegtighede ens. Ons wil ook graag fotos kry van kinders wat in die huwelik tree op ander plekke.

Die Boodskappertjie is juis die plek waar ons in mekaar se vreugde en hartseer wil deel as geestelike familie.

PINKSTER 2020 “Helder dink, kind van God”

Ons tema vir 2020 se Pinkster is

Helder dink, kind van God!

Gebaseer op 2 Tim 4:5 en 1 Tess 5:6-8

wat beide praat oor die laaste dae en die afvalligheid en dat ons as christene

"nugter" moet wees. Ons het dit vervang met

"helder dink" om te verduidelik wat dit beteken, want die misleiding raak al hoe groter.

Die Heilige Gees is die Gees van die Waarheid en help ons om in alle omstandighede nugter te bly.



Lydenstyd 2020 – Die LIG skyn

Lydenstyd 2020 is weer vir ons gemeente ‘n spesiale tyd. Ons stap vir 7 weke saam met die Here op Sy lydenspad. Elke week maak ons ‘n kersie in die kerk dood as simbool daarvan dat daar met Jesus se sterwe totale duisternis oor die aarde gekom het.

In Joh. 1 vers 5 lees ons; “In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.



2

Paas-Nagmaal en Covid 19

Op Donderdagaand 9 April gaan ons gemeente saam nagmaal hou voor Goeie Vrydag. Wat ‘n wonderlike en spesiale geleentheid is dit elke jaar. Vanjaar met die Covid 19 virus en die ramptoestand wat afgekondig is gaan ons dit op ‘n ander wyse doen. Ons wil jou uitnoui om jou broodjie en druïwesap gereed te kry en dan sal ons die aand 7 nm. inskakel op Facebook en kan ons saam nagmaal hou.

Intussen is het ons kerk al ons dienste opgeskort om kontak tussen mense tot die minimum te verminder. Skielik kom ons agter hoe ons dit mis om saam in die erediens te wees wanneer ons elkeen tuis na ‘n boodskap moet luister. Mag ons opnuut ons voorreg waardeer om elke Sondag saam in ‘n gemeente te kan aanbid. Mag ons regtig na mekaar verlang en vir mekaar bid in hierdie tyd wat ons nie saam kan wees nie.

Bybelloop uitgestel

Die Bybelloop wat ons gemeente vir die dorp organiseer moes op Vrydag 28 Februarie plaasvind. Die wonderlike reën het egter veroorsaak dat ons die Bybelloop moes uitstel na Vrydag 3 April.

Intussen is die ramptoestand afgekondig in Suid Afrika weens die Corona Virus.

Ons beplan nou die Bybelloop vir Vrydag 24 April. Ons sal later meer inligting gee.



Koekies vir Uitreik na siekes

Ons koekie projek is nou reeds ‘n jaar aan die gang. Dit is ‘n mooi nuwe inisiatief wat spontaan in ons gemeente ontstaan het om is koekies vir siekes te gee en dan vir hulle te bid.

Cornel van der Merwe bak die koekies en sit dit in leë koffiebottels.

Elke Sondag in die diens kry iemand die geleentheid om aan te bied om iemand wie se naam op die voorbiddingslys bygekom het te gaan besoek.

Dankie vir almal wat haar help met die mooi projek. Mag dit van krag tot krag gaan.



Tentjietoer om Lesotho

‘n Groep lidmate van ons gemeente het vir 10 dae op ‘n tentjietoer gegaan om Lesotho.

Wat ‘n fees was dit nie om 2200 km. deur van die mooiste natuur in ons land te ry.

Dit was ‘n geseënde en voorspoedige toer.

Nie eers een papwiel of enige teenspoed nie.

Marié Groerewald is gevra vir haar indrukke van die toer...



Ons groepie bo op die Drakensberge

Uiteenlopende persoonlikhede wat saam lag en kuier, die Here LOOF en PRYS met godsdienste .. gebed en lofsang.

Dankie Ds. Johan Brink vir die puik voorbereiding en gepaste dele uit Psalms .. Wat ‘n voorreg om twee maal per dag deel te wees hiervan.

Ons moet tyd maak om die wind en die gras te hoor, om in die reën te dans en vir altyd te glo die emmers vol GENADE kom net van Bo.

Om so in die natuur te slaap met die geluid van reën, kabbelende riviere en dan wakker te word deur voëlgesang, word jou siel verkwik deur God se handewerk.

Meeste oggende vars oopgetrekte blou lug net reg om weer die pad te vat na die volgende bestemming.

Die Tentjietoer was ook ‘n Reis na Gister vir Ds. Johan en Elza. Ons kon sien hoe heimwee en herinneringe hulle hart aanraak. Die skool, plaas-opstal, kerke waar ou Ds gepreek het.



Die konvooi bo op Naudesnekpas

Geskiedkundige plekke waar ons na "onthou jy nog" geluister het.

Die besoek aan Elza se kleuterskool maatjie en haar man op die skilder-

agtige plaas in die berge was spesiaal. Hulle het ons hartlik ontvang met heerlike pannekoek en koffie.

Gelukkig vir mense op die toer met ‘n baie goeie sin vir humor kon ons al ons tekortkominge in goeie gees weglag.

Psalm 8; "As ek U hemel aanskou, die werke van U vingers, die maan en die sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mensekind dat U na hom omsien"

As jy nog nie op ‘n tentjietoer was nie – maak ‘n plan as jy kan, jy mis uit...

FAMFEST 2020 is voluit aan die gang

Dit is so lekker om te sien waar oral in die gemeente mense besig is met voorbereidings vir ons FAMFEST. Die Plaasmark en Talentemark is veral baie hard aan die werk. Dit is juis nou die tyd om te begin as jy nog nie jou handewerk met jou talente begin maak het vir die Basaar nie.



Daar is al baie mooi artikels vir die Talentemark en produkte ingelê.

Die plaasmark het ook al baie werk gedoen. Die afgelope tyd is ‘n baie geliefde produk voorberei en dit is kweperkonfyt, kweperjellie en kweperlekkers.

Ons is dankbaar vir almal wat produkte verwerk vir ons Famfest.

Geniet dit om met jou hande iets te kan maak wat in diens van die Here verkoop kan word.



FAMFEST 2020

Raak betrokke

Ons ouderlingspare gaan op Sondag 19 April die kollektelyste ontvang en sal voor einde April deur die wyke gaan. Die hele gedagte is dat hulle voor Pinkster almal in die wyke besoek vir ons Famfest.

Al die lidmate in die gemeente gaan besoek word om aan almal, ook die jong lidmate in Matriek, die voorreg te gee om te kan 'n offer gee in diens van die Here.

Die gedagte is dat lidmate hulle beloftes vir die spesiale dankoffer aan ons Here op die lyste kan maak.

Die bydraes kan in 3 paaielemente gegee word, aan die einde van Mei, Junie en Julie. Op die wyse kan ons teen 9 Augustus al die bydraes inkry voor die groot dag aanbreek.

Hierdie spesiale dankoffer van ons gemeente maak dit vir ons gemeente moontlik om met die Evangelie uit te reik na buite.

Al die werk wat ons doen in die Kinderhuis, Aftreeoord en as getuie na buite kom uit die Basaar se inkomste


Bid oor hierdie groot saak en neem vroegtydig 'n besluit oor wat jy/julle gaan bydra.

Ons bid vir ons ouderlingspare wat met die regte gesindheid deur die wyke moet gaan.

Famfest Groete,
Ds. Johan Brink en Ds. Pieter Theron

Miskien die beste antwoord in 'n moeilike jaar. Werk en Gee...

**Ons beplan en bid vir ons "HARTELUS" Famfest.
Ons gaan met "HARTELKUS" vir die Here werk.**



Onthou jy nog...

Ons het 'n wonderlike kwartaal agter die rug met wonderlike boodskappe wat die Here vir ons gegee het.

Ons beplanning was om saam op die Roete 12 te stap vir 2020.



Roete 12 weet ons nou al almal staan vir Romeine 12.

Ons sal seker nooit weer Romeine 12 vergeet nie.

Die mooi hoofstuk wat eintlik die gevolgtrekking is wat Paulus maak uit alles wat hy in Romeine 1- 11 gesê het begin met die mooi versie; v. 1 "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. V.2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Wat 'n wonderlike gevolgtrekking. Lees die versies weer en antwoord vir jouself die volgende vrae:

1. Is vers 1 die waarheid? _____
2. Glo ek dit is belangrik vir my? _____
3. Het ek al die keuse gemaak? _____
4. Bly ek by die keuse wat ek gemaak het? _____
5. Wat kies ek vandag weer? _____


Onthou jy nog?

1. Hoe om vir God te gee wat Hy die graagste wil hê.
2. Hoe om die beste te kry wat God vir jou lewe wil hê.
3. Hoe om vrede te maak met jou ware jy.
4. Hoe om opregte gemeenskap van gelowiges te ervaar.
5. Hoe om die boosheid te oorwin wat op jou gerig is.

Koronavirus – Covet 19

Die afgelope tyd het 'n krisis in die wêreld ontstaan soos wat ons nog nooit in die verlede ervaar het nie.

Ons het gehoor van die einde van 2019 van 'n virus in China maar het gedink dit gaan maar net daar bly en ons nie raak nie. Skielik raak dit die hele wêreld. Grense word gesluit. Visums gekanselleer. Mense geïsoleer. Nou is dit nie meer net 'n paar mense op een plek nie maar duisende deur die hele wêreld. Eerste wêreldlande soos Amerika, Engeland, Duitsland, Spanje ens. sukkel om die virus te beheer. Daar is so baie mense wat bekommerd is met goeie rede. Baie mense gaan waarskynlik hulle inkomste verloor. Ander is bekommerd want as dit gebeur soos in die res van die wêreld gaan daar baie mense siek word en sommiges gaan doodgaan. Skielik hou alle byeenkomste op. Die skole is gesluit en ons kan nie op Sondag saam in die kerk aanbid nie. Hoe vreemd is dit om niemand te mag groet met die hand of 'n soen nie en niemand 'n drukkies te mag gee nie.



Hoe moet ons daarvoor dink?

Ek dink die verantwoordelike wyse is om dit ernstig op te neem en om ons president se oproep as burgers van die land te gehoorsaam. Rom. 13.

Ek dink dit is uiters onverantwoordelik om sommer net die virus as die duivel te beskryf.

Ek dink dit is onverantwoordelik om nie saam met die regering te werk om die virus te stop nie.

Ek dink dit is tyd om aan ander te dink en veral aan weerlose mense wat nie so maklik soos ons kan in afsondering gaan in ons huise en karre nie. Hulle bly nader aan mekaar en ry in Taxis.

Ek dink ons moet veral ons ouer mense en weerlose mense beskerm wat soveel makliker doodgaan van die virus.

MAAR...

Ek dink veral hier in die lydenstyd dat ons meer tyd in gebed moet deurbring en nader aan ons Here en Verlosser moet kom.

Ek dink ons moet ons vrese en bekommernisse aan Sy voete gaan lê.

Miskien sal ons weer verlang om kerk toe te gaan en die voorreg meer waardeer wanneer ons saam voor die Here kan wees.

Mag die Here hierdie virus ook gebruik om Sy koninkryk te laat kom.

Mag ons weer ons regte plek van nederige ootmoed voor die Here leer.

Dr. Hentie van Heerden

Dr. Hentie van Heerden is die afgelope maand oorlede en vanuit ons kerk begrawe. Hy en Christelle het baie jare in Fochville gewoon en was nog steeds lidmate van ons gemeente al woon hulle in Potchefstroom. Dr. Hentie soos hy geliefd bekend gestaan het deel van baie mense in Fochville se lewe. Hy was op 'n stadium ouderling in ons kerk en was altyd betrokke.

Ons eer sy nagedagtenis en bid vir Christelle en die kinders vir die troos van die Here.



JANKO BOERDERY

Vars Geslagte Hoenders

Heel Hoenders	@	R40 p/kg
Porsies		
(boudjies/dytjies)	@	R44 p/kg
(vlerkies)	@	R42 p/kg
Filette	@	R55 p/kg
"Flatties"	@	R44 p/kg
Braai Pakke	@	R44 p/kg
Lewer	@	R40 p/kg

Skakel:
Phillis ~ 083 488 5333